

Toets jou kennis!

Jesus word begrawe

Lees Lukas 23:50-56. Antwoord dan die vrae hier onder deur elke keer die regte antwoord te omkring.

1. Daar was 'n man met die naam Johannes / Jakobus / Josef, wat van Arimatea gekom het.
2. Hy het Jesus van die kruis afgehaal en in komberse / linne toegedraai.
3. Hy het Jesus in 'n rotsgraf neergelê waarin daar 0 / 5 / 7 mense begrawe is.
4. Dit het alles op 'n Woensdag / Vrydag / Sondag gebeur.
5. Die manne / vroue wat saam Jesus van Galilea afgekom het saamgeloop na die graf toe.
6. Die vroue het reukolie / self / verbande by die huise gaan regmaak.
7. Hulle het op die Sabbatdag gerus / gewerk.

Jesus het opgestaan

Lees nou Lukas 24: 1-12. Antwoord die vrae hier onder deur by elkeen die woord wat ontbreek in te vul.

1. Die Sondagoggend baie vroeg het die vroue na die _____ gegaan.
2. Daar kry hulle die _____ weggerol vanaf die ingang van die graf.
3. Jesus se liggaam was _____.
4. Meteens staan daar _____ manne met blink klere aan.
5. Die manne het vir hulle gesê: "Waarom soek julle die Lewende by die _____ .
Hy is nie hier nie. Hy is uit die _____ opgewek.
6. Die vroue was Maria Magdalena en _____ en Maria die ma van Jakobus.
7. Die drie vrouens het saam ander vroue vir die _____ vertel dat Jesus se liggaam weg is uit die graf.
8. Hulle het nie die vrouens geglo nie, maar _____ het opgespring en na die graf gehardloop om te gaan kyk.